Afrikaans

Wiskunde

Mathematics

2

Kwartaal 4 | Term 4

Onderwyser | Teacher: .....

Bala Wande
Calculating with Confidence

2

Kwartaal 4 | Term 4

Wiskunde
Mathematics

Onderwysersgids
Teacher's Guide

Afrikaans | English

Die ontwikkeling van hierdie werkboek is met die medewerking van die *Bala Wanda–Magic Classroom Collective*-span moontlik gemaak, in oorleg met 'n verwysingspan wat saamgestel is uit individue van etlike universiteite, wiskunde-NRO's en die Departement van Basiese Onderwys. Hierdie materiaal is gebaseer op die werk van die DBO-werkboeke en bestaande iterasies van lesplanne (GPLMS, Jika iMfundo, NECT en TMU). Die Bala Wande-bokse met manipuleerbare items is in oorleg met Jade Education ontwerp. Dié bokse voorsien hoëgehalte-materiaal wat 'n integrerende deel van die onderrig-en-leerprogram uitmaak.

The development of this workbook was carried out by the collaborative *Bala Wande–Magic Classroom Collective team* in consultation with a reference team made up of individuals from several universities, mathematics NGOs and the Department of Basic Education. These materials draw on the DBE workbooks and existing iterations of lesson plans (GPLMS, Jika iMfundo, NECT and TMU). The Bala Wande manipulative boxes were designed in consultation with Jade Education. The boxes provide high quality materials which are an integral part of the teaching and learning programme.

Artists: Mary-Anne Hampton and Angie Bowring

www.fundawande.org
ISBN: 978-1-998960-16-3
Version 2.0: 2023

INHOUD | CONTENTS

Die onderrig van Grondslagfase-wiskunde met behulp van Bala Wande

1. Wat is Bala Wande?

Bala Wande is Funda Wande se wiskundeprogram.

Funda Wande is 'n organisasie sonder winsoogmerk wat ten doel het om te verseker dat alle leerders in Suid-Afrika teen 10-jarige ouderdom met begrip in hul huistaal kan lees. Bala Wande is die wiskundeprogram wat hiermee gepaard gaan, met die oogmerk om te verseker dat daar in die vroeë laerskooljare 'n effektiewe grondslag in wiskunde by alle leerders in Suid-Afrika gelê word.



Ons ontwikkel video- en gedrukte materiaal om onderwysers met die onderrig van wiskunde van Graad R tot 3 by te staan. Al ons materiaal is geredelik beskikbaar en omdat dit as Creative Commons gelisensieer is, kan enigiemand daarvan gebruik maak.

Die ondersteuning wat die Bala Wande-program bied, sluit in:

1.1 *Onderwysersgids*



Die *Bala Wande-onderwysersgids* is 'n dag-tot-dag-handleiding oor wiskunde-onderrig wat die leerders in staat stel om hul begrip van wiskunde uit te bou en, met behulp van die hulpbronne in die Bala Wande-boks, berekeninge met selfvertroue te doen.

Daar is riglyne van twee bladsye vir elke week se beplande lesaktiwiteite wat oorsiginligting oor die komponente van hoofrekene en konsepontwikkeling van die les verskaf, insluitende:

- die hulpbronne wat vir elke dag se aktiwiteite benodig word
- die doelwitte vir die daaglikse lesaktiwiteite
- die dinge wat in aanmerking geneem moet word wanneer die lesaktiwiteite, wat vir die week beplan is, onderrig word.



Assessering op 'n deurlopende grondslag maak deel van die Bala Wande-program uit. Die finale les vir elke week word toegewys aan assessering oor en vaslegging van die inhoud wat gedurende daardie week behandel is.

Using Bala Wande for teaching Foundation Phase mathematics

1. What is Bala Wande?

Bala Wande is the mathematics programme of Funda Wande.

Funda Wande is a not-for-profit organisation that aims to ensure that all learners in South Africa can read for meaning in their home language by the age of 10. Bala Wande is the accompanying mathematics programme that aims to ensure that all learners in South Africa get an effective grounding in mathematics in the early primary school years.

We develop video and print materials to support teachers in the teaching of mathematics in Grades R–3. All our materials are freely available and are Creative Commons licensed, so anyone can use them.

The Bala Wande progamme support includes:

1.1 *Bala Wande Teacher Guide*



The *Bala Wande Teacher Guide* provides a day-by-day guide on how to teach mathematics so that learners will develop their mathematical understanding and begin to calculate with confidence using the resources in the Bala Wande box.

For each week of planned lesson activities, there is a two-page guide that gives an overview of the Mental Maths and concept development components of the lessons, including:

- resources teachers will need for each day's activities
- objectives for the daily lesson activities
- things to think about when teaching the lesson activities for the week

Assessment is built into the Bala Wande programme on a continuous basis.

1.2 Bykomende leerder-en-onderwyser-ondersteuningsmateriaal

Al die deelnemende skole ontvang bykomende leerder-en-onderwyser-ondersteuningsmateriaal (LOOM) wat met die Bala Wande-lesplanne verband hou. Die Bala Wande-leerderaktiwiteitsboek (LAB) is 'n leerderswerkboek met sorgvuldig opeenvolgende aktiwiteite wat met die KABV in lyn gebring is en ten doel het om die werk te dek wat gedurende die kwartaal gedoen moet word. Die LAB bevat aktiwiteitskaarte vir konsepontwikkelingsaktiwiteite, werkkaarte wat leerders individueel moet invul, en speletjies vir die aktiewe leer van die begrippe wat onderrig word.

Daar is ook 'n tweetalige woordeboek met wiskundewoordeskat in die Bala Wande-program beskikbaar.

Ander LOOM wat voorsien word, is manipuleerbare voorwerpe soos tienrame, tellers, flitskaarte (getalsimbole, getalname en kolkaarte), koppies en dobbelstene, stringe krale en multifix-kubusse (blokkies).

Sien asseblief goed om die LOOM. Hierdie materiaal is duur en kan nie sommer vervang word nie. Jy sal moet teken as bevestiging dat jy die boks aanvaar het en sal verantwoordelik gehou word vir die versorging van al die materiaal wat aan jou gegee word.



1.3 Bala Wande-video's deur meesteronderwysers

Die Bala Wande-video's bevat kort snitte van klaskameropnames waarin kernaspekte van die lesaktiwiteite toegelig word. Dit kan deur onderwysers gebruik word wanneer hulle voorbereiding doen om die lesse self te onderrig. Langer snitte van die lesaktiwiteite word ook beskikbaar gestel.

Die video's voorsien ons meesteronderwysers se insigte in bepaalde wiskundebegrippe of onderrigtegnieke.

Voldoen Bala Wande aan die KABV?

Ja, die oogmerk van die Bala Wande-program is om leerders sodanig te onderrig dat hulle aan die einde van Graad 3 met selfvertroue berekeninge kan doen. Dit is spesifiek vir die Suid-Afrikaanse kurrikulum ontwikkel en voldoen aan die KABV. Bala Wande volg die gereorganiseerde KABV se Onderrig van Wiskunde vir Begrip-program (TMU-program), met die DBO se vergunning.

- Die inhoud, tydstoekenning en assessering vir leer is alles op die KABV gebaseer.
- Die insette vir die weeklikse Dag 1 tot 4 voorsien beplande lesaktiwiteite vir 4 dae. Dit behels 90-minuut-lesse (wat 'n daaglikse aanvangsaktiwiteit in die vorm van hoofrekene, die onderrig van kernbegrippe elke dag, en enkele selfstandige of groepswerk-leerdersaktiwiteite elke dag insluit).
- Op Dag 5 word 'n geleentheid gebied om leer vas te lê en te assesseer. Hierdie les duur 60 minute.
- Daar word assesseringskwartaalplanne en -puntestate voorsien. Al die assesserings word as voorbeelde gegee om die onderrig-en-leer-program te ondersteun.

1.2 Additional LTSM materials

All participating schools receive additional Learner and Teacher Support Materials (LTSM) that support the Bala Wande lesson plans. The *Bala Wande Learner Activity Book* (LAB) is a CAPS-aligned, carefully sequenced learner workbook that is designed to cover the work to be done in the term. The LAB contains activity sheets for the concept development activities, worksheets for learners to complete individually and games for active learning of concepts being taught.

There is also a Bala Wande bilingual dictionary of mathematical vocabulary.

Other LTSM that will be provided are manipulatives such as base ten blocks, solid shapes, analogue clocks, flard cards and mulitfix cubes.

Please take good care of the LTSM. These materials are costly and cannot be replaced. Teachers will sign to indicate your acceptance of the box and will be held responsible for the care of all the materials given to you.



1.3 The Bala Wande videos of master teachers

The Bala Wande videos contain short clips of classroom footage that exemplify core aspects of the lesson activities. These can be used by teachers as they prepare to teach the lessons themselves. Longer clips of the lesson activities will also be made available.

The videos provide insights from our master teachers into particular mathematical concepts or teaching techniques.

Is Bala Wande CAPS compliant?

The Bala Wande programme was developed specifically for the South African curriculum and is CAPS-compliant. The course follows the TMU reorganised CAPS with permission from the DBE.

- The content, time allocation and assessment for learning all are based on the CAPS.
- Day 1–4 input each week provides planned lesson activities for 4 days. These are 90 minute lessons which include a Mental Maths daily starter activity and core concept teaching suggestions as well as some independent or group work learner activities for each day.
- Day 5 provides an opportunity for consolidation and assessment for learning. It is a 60 minute lesson.
- Assessment term plans and mark sheets are provided. All assessments are given as exemplars to support the teaching and learning programme.

Welkom by Graad 2!

Ons doel is verder dat die leerders in graad 2 goeie gewoontes moet aankweek terwyl hulle wiskunde doen. Hulle moet dus daarop gewys word dat hulle aandagtig moet kyk na dit wat hulle veronderstel is om te doen. Wanneer jy elke dag die selfstandige klaswerk bekendstel, vra die leerders om na die bladsye te kyk en jou te vertel wat hulle sien. Wat dink hulle is hulle veronderstel om te doen?

Gewoonte 1: Ons kyk self. Wat sien ek? Wat moet ek doen?
Gewoonte 2: Ons teken prente. Wat kan ek teken wat my sal help om die probleem op te los?
Gewoonte 3: Ons gesels hardop oor wiskunde.

Dit is hierdie jaar ons grootste oogmerk om die kinders aan te moedig om hardop oor wiskunde te gesels. Jy moet elke dag daarop ingestel wees om soveel moontlik leerders by die aktiewe heleklas-besprekings te betrek. Loop in die klas rond en fasiliteer die selfstandige klaswerk – vra deurtastende vrae om uit te vind of die leerders dit waarmee hulle besig is, verstaan. Luister na die vrae wat hulle vra en reageer so duidelik moontlik op dit wat hulle gevra het.

Wees op die uitkyk na leerders wat sukkel met dinge soos 'n basiese getalbegrip. As daar kinders is wat oënskynlik nie basiese getalle van 0 tot 10 verstaan nie, gee ekstra aktiwiteite aan hulle om met getalle in hierdie getalgebied te werk. Hou aan om hulle vrae oor getalle en getalkombinasies in hierdie getalgebied te vra totdat jy sien dat hulle met selfvertroue met die getalle 0 tot 10 kan werk.

'n Spesiale kenmerk van die graad 2-LAB is dat daar elke week op Dag 5 'n taalkomponent aan die les verbonde is. Dit gee jou geleentheid om wiskunde in Engels en in Afrikaans te praat en sleutelfrases en -woorde wat tydens die week geleer is, te hersien.

Kom ons praat Wiskunde!

Let's talk Maths!

In Afrikaans sê ons:	In English we say:
tel op of tel bymekaar	add
neem weg	take away
tel een by	add one
neem een weg	take away one
vergelyk	compare
die koei is groter as die kat	the cow is bigger than the cat
die kat is kleiner as die koei	the cat is smaller than the cow
vier is groter as drie	four is bigger than three
drie is kleiner as vier	three is smaller than four

Welcome to Grade 2!

In Grade 2 we would like learners to establish good habits while doing maths. Talk to them about looking carefully at what they are supposed to do. Each day when you introduce the independent classwork, ask learners to look at the pages and tell you what they see. What do they think they are supposed to do?

Habit 1: We look by ourselves. What do I see? What must I do?
Habit 2: We draw pictures. What can I draw to help me solve the problem?
Habit 3: We talk out loud about maths.

Our biggest goal this year is to encourage learners to start to talk out loud about maths. Every day, you should aim to involve as many learners as possible in the active concept development activity. Walk around and facilitate the independent classwork – ask probing questions to find out if learners understand what they are doing. Listen to the questions they ask and respond as clearly as possible to what they have asked.

Keep your eye out for learners who are struggling with things such as basic number concept. If there are some who do not seem to understand basic numbers from 0 to 10, give them extra activities to work with numbers in this range. Keep asking them questions about numbers and number bonds in this range until you see that they are able to work confidently with the numbers 0 to 10.

A special feature of the Grade 2 LAB is that on Day 5 every week there is a language component to the lesson. This gives you an opportunity to speak maths in English and IsiXhosa and revise key phrases and words learned over the week.

Kom ons praat Wiskunde!

Let's talk Maths!

In Afrikaans sê ons:	In English we say:
tel op of tel bymekaar	add
neem weg	take away
tel een by	add one
neem een weg	take away one
vergelyk	compare
die koei is groter as die kat	the cow is bigger than the cat
die kat is kleiner as die koei	the cat is smaller than the cow
vier is groter as drie	four is bigger than three
drie is kleiner as vier	three is smaller than four

2. Wat is in die boks?

Jy sal al die hulpbronne wat jy benodig om die Bala Wande-program te volg, binne-in die boks kry.

Onderwysersgids • 'n oorsig van die begrippe wat elke week onderrig moet word • die hoofrekene wat vir elke dag beplan is (Dag 1–4) • verrykingsaktiwiteite (weekliks; Dag 1–4) • kernkonsep-onderrigaktiwiteite wat deur plakkate en manipuleerbare voorwerpe uit die boks ondersteun word (Dag 1–4) • afskrifte van die bladsye uit die *Leerderaktiwiteitsboek* vir die dag (in volgorde in die *Onderwysersgids* opgeneem) • assessering vir leer (Dag 5 vir Week 2–9) • vaslegging (Dag 5 vir Week 1–10)	
Video's • videosnitte waarin gewys word hoe meesteronderwysers die lesse onderrig en bespreek	
Tweetalige woordeboek • 'n tweetalige woordeboek wat wiskundeterme met verduidelikings en voorbeelde vir die Grondslagfase bevat	
Leerderaktiwiteitsboek • daaglikse aktiwiteite wat met die lesaktiwiteite ooreenstem • daaglikse aktiwiteite waaraan die leerders selfstandig of in groepe kan werk • speletjies wat met die lesaktiwiteite verband hou	
Plakkate • 'n 2023-kalender • plakkate wat met die lesplanne verband hou	
Manipuleerbare voorwerpe vir die onderwyser • 'n verskeidenheid manipuleerbare voorwerpe wat jy in jou onderrig kan aanwend	
Boks met manipuleerbare voorwerpe vir die leerders • een boks vir elke groep van 6 leerders • die boks bevat 'n verskeidenheid manipuleerbare voorwerpe wat die leerders in die aktiwiteite kan gebruik	
Assesseringshulpmiddels • 'n assesseringskwartaalplan • mondelinge en praktiese aktiwiteite (2 per kwartaal) • take en aktiwiteite vir beplande assessering op Dag 5 van elke week (Week 2–7) • 'n puntestaat wat gebruik kan word om punte op SA SAMS in te sleutel	

2. What's in the box?

Inside the box, you'll find all the resources you need to follow the Bala Wande programme.

Bala Wande Teacher Guide

- overview of the concepts to be taught each week
- Mental Maths planned for every day (Days 1-4)
- enrichment activities (weekly - Days 1-4)
- core concept teaching activities supported by posters and manipulatives from the box (Days 1-4)
- copies of the *Learner Activity Book* pages for the day (embedded in sequence in the teacher's guide)
- assessment for learning (Day 5 Weeks 2-9)
- consolidation (Day 5 Weeks 1-10)



Videos

- clips showing master teachers teaching and discussing the lessons

Bala Wande bilingual dictionary

- a bilingual dictionary of Foundation Phase mathematical terms with explanations and examples



Bala Wande Learner Activity Book

- daily activities that align with the lesson activities
- daily activities for learners to work on independently or in groups
- games aligned with the lesson activities



Posters

- a 2023 calendar
- posters aligned to the lesson plans

Manipulatives for the teacher

- a variety of manipulatives for you to use in your teaching

Box of manipulatives for learners

- one box for each group of 6 learners
- the box contains a variety of manipulatives for learners to use in the activities

Tools for assessment

- assessment term plan
- oral and practical activities (2 per Term)
- planned written assessment tasks and activities on the 5th day of each week (Weeks 2-7)
- mark record sheet that can be used to enter marks on SA SAMS

Kontrolelys • Checklist

Plakkate • Posters

Kalender
Calendar

Register
Register



100-blok
100 square

Getalname 0–19
Number names 0–19



Getalname 10–100
Number names 10–100



Getalname 100–1 000
Number names 100–1000



Speelgeld
Money

Dae van die week
Days of the week

Maande van die jaar
Months of the year

Getallelyn 0–20 (leeg)
Number line 0–20 (blank)

Getallelyn 0–20
Number line 0–20



Manipuleerbare voorwerpe vir onderwyser en leerder • Teacher and learner manipulatives

Getalkaarte 0–1 000 (onderwyser)
Number cards 0-1000 (teacher)
Getalkaarte 0–20 (leerder)
Number cards 0-20 (learner)



Kolkaarte 0–10 (demonstrasiegrootte)
Dot cards 0-10 (demo size)



Spreikaarte 0–1 000 (onderwyser en leerder)
Flard cards 0-1000 (teacher and learner)



Multifix-blokkies (onderwyser en leerder)
Multifix blocks (teacher and learner)

Basis tien-blokkies – 100'e, 10'e, 1'e (demonstrasie, magneties)
Base ten blocks – 100s, 10s, 1s (demo, magnetic)



Basis tien-blokkies – 100'e, 10'e, 1'e (leerdersgrootte)
Base ten blocks – 100s, 10s, 1s (learner size)



Klein 24-uur-horlosie (onderwyser en leerder)
24-hour small clock (teacher and learner)

3D vormnette (onderwyser, demonstrasiegrootte)
3-D shape nets (teacher demo)



2 dobbelstene per leerder
2 dice per learner



1 maatband (om te deel)
1 tape measure (to share)



3. Watter taal gebruik ek om wiskunde te onderrig?

Die Bala Wande-materiaal is alles tweetalig. Dit is om die ontwikkeling van wiskundetaal in sowel Afrikaans as Engels te ondersteun. Dit bied ondersteuning vir jou om op 'n natuurlike wyse van een taal na 'n ander oor te skakel wanneer daar oor wiskunde gesels word. Die Bala Wande-woordeboek sal jou help om meer as een taal te gebruik om wiskundeterme te verduidelik, indien nodig.

Talle Suid-Afrikaanse wiskunde-onderwysers maak reeds van kode- of taalwisseling gebruik om hul leerders te help om wiskundebegrippe en -terme te verstaan. Dit beteken dat hulle twee of meer tale afwisselend gebruik wanneer hulle wiskunde verduidelik. Daar is deur navorsing getoon dat hierdie gebruik uiters nuttig is en die leerders inderdaad help om te verstaan. Taalwisseling stel die onderwysers en leerders in staat om al hul taalvaardighede in te span om te leer in plaas daarvan om tot slegs een taal beperk te wees. Hierdie praktyk word internasionaal beoefen en staan ook as *translanguaging* bekend.

Die hersiene KABV-afdeling 4 (Assessering) onderskryf die gebruik van meer as een taal om wiskundig te kommunikeer.

4. Die gebruik van die lesplanne en die *Leerderaktiwiteitsboek*

Berei vir die week voor.
Die eerste bladsy van die week se oorsig bied aan jou:

'n Bondige oorsig van die hoofrekene en lesaktiwiteite vir die week asook die hulpbronne wat jy byderhand moet hou

'n Lys doelwitte vir die week wat jy kan gebruik om te kontroleer of jou klas steeds op koers is

'n Beskrywing van die assesseringsaktiwiteit wat op Dag 5 van die week gedoen word



Optelling en aftrekking

	Hulpbronne
Hoofrekene: Tel veelvoude van 10 op en trek dit af	geen
Speletjie: *Voltooi die tiene!*	*basis 10-blokkies*

Dag	Lesaktiwiteit	Leshulpbronne
1	Tel op met basis tien-blokkies	LAB, *basis 10-blokkies*
2	Tel op met basis tien-blokkies	LAB, *basis 10-blokkies*
3	Trek af met basis tien-blokkies	*LAB, basis 10-blokkies*
4	Trek af met basis tien-blokkies	*LAB, basis 10-blokkies*
5	Vaslegging	LAB

Ná hierdie week behoort die leerder in staat te wees om:	✓
tweesyfergetalle met behulp van *basis tien-blokkies* by tweesyfergetalle te tel sonder om die tiene te oorbrug	
tweesyfergetalle met behulp van *basis tien-blokkies* van tweesyfergetalle af te trek sonder om die tiene te oorbrug	
te besef dat die getalsinne waarmee probleme opgelos word, as vertikale algoritmes gerekordeer kan word.	

Assessering

Daar is hierdie week geen formele assessering nie.

Jy moet die leerders in jou klas daagliks waarneem en notas as deel van jou deurlopende informele assessering vir leer maak.

34

3. What language do I use when I teach mathematics?

The Bala Wande material is all bilingual. It supports the development of mathematics language in both isiXhosa and English by moving naturally between languages when speaking about mathematics. The Bala Wande dictionary will helps teachers use more than one language to explain mathematical words if necessary.

Many South African mathematics teachers already code-switch to help their learners understand mathematical concepts and terms. This means that they alternate between two or more languages when explaining mathematics. Research has shown that this is a very useful practice that does indeed help learners to understand. Code-switching allows teachers and learners to draw on all of their language skills to learn, rather than to be limited by one language only. This practice is used internationally and is also called 'translanguaging'.

The revised CAPS Section 4 (Assessment) endorses the use of more than one language to speak mathematically.

4. Using the lesson plans and *Bala Wande Learner Activity Book*

Prepare for the week:
The first page of the week overview gives you:

A quick overview of the mental maths, games and lesson activities for the week and the resources you need to have ready

A list of aims for the week that you can use to check whether your class is on track

A description of the assessment activity which is done on Day 5 of the week



Addition and subtraction

	Resources
Mental Maths: Add and subtract multiples of 10	none
Game: *Complete the tens!*	*base 10 blocks*

Day	Lesson activity	Lesson resources
1	Addition using base ten blocks	LAB, *base 10 blocks*
2	Addition using base ten blocks	LAB, *base 10 blocks*
3	Subtraction using base ten blocks	LAB, *base 10 blocks*
4	Subtraction using base ten blocks	LAB, *base 10 blocks*
5	Consolidation	LAB

After this week the learner should be able to:	✓
add two-digit numbers to two-digit numbers, without bridging the tens, by using *base ten blocks.*	
subtract two-digit numbers from two-digit numbers, without bridging the tens, by using *base ten blocks.*	
recognise that the number sentences used to solve problems can be recorded as vertical algorithms.	

Assessment

There is no formal assessment this week.

You should observe the learners in your class daily and make notes as part of your informal ongoing assessment for learning.

35

Die tweede bladsy van die week se oorsig bied aan jou:

’n Beskrywing van hoe die hoofrekene-aktiwiteite met verloop van die week vorder en ’n herinnering aan die speletjiesvideo

’n Beskrywing van die sleutelbegrippe wat jy gedurende die week sal onderrig asook notas oor die woordeskat wat hierdie week beklemtoon moet word

Enkele bepaalde dinge waarna jy gedurende die week moet oplet. Dit kan foute wees wat ons weet die leerders dikwels begaan of belangrike idees wat beklemtoon moet word



Optelling en aftrekking

Hoofrekenevideo

Ons oefen hierdie week om veelvoude van tien tot by 100 op te tel en af te trek. Skryf verskillende tweesyfergetalle op die bord neer en roep ’n instruksie uit om ’n sekere aantal 10’e bymekaar te tel of van mekaar af te trek. Maak dit meer interaktief deur die leerders in pare te vra om die tweesyfergetalle en die getalle wat daarby getel of daarvan afgetrek moet word, uit te roep. Moedig die leerders aan om probleme vinnig en doeltreffend op te los deur hul aangeleerde getalfeite te herroep.

Speletjiesvideo

Die leerders gebruik *basis tien-blokkies* vir hierdie speletjie om tiene te maak. Hulle los optellingsprobleme met hul *basis tien-blokkies* op. Wanneer die leerders tiene moet oorbrug, kan hulle vinnig en doeltreffend werk deurdat hulle ene deur tiene vervang.

Video oor konseptuele ontwikkeling

Ons konsentreer hierdie week op probleme wat optelling en aftrekking behels. Die leerders los optellings- en aftrekkingsprobleme op sonder om tien te oorbrug en gebruik *basis 10-blokkies* om hulle daarmee te help. Hulle oefen om probleme op te los deur 10’e en 1’e op te tel of af te trek ten einde vinnig en doeltreffend te kan werk. Terwyl ons met optelling en aftrekking werk, konsentreer ons daarop om:

- ’n dubbelsyfergetal by ’n dubbelsyfergetal te tel sonder om die tien te oorbrug.
- ’n dubbelsyfergetal van ’n dubbelsyfergetal af te trek sonder om die tien te oorbrug.

Waarna jy hierdie week moet oplet

- *Basis 10-blokkies* is ’n nuttige, konkrete voorstelling in wiskunde, en die leerders word met hierdie blokkies in staat gestel om berekeninge te visualiseer. Moedig gesprekke tussen die leerders aan sodat hulle kan gesels oor hoe hulle die blokkies inspan om oor 10’e en 1’e te praat wanneer hulle optel en aftrek. Die vermoë om oplossings te verbaliseer en metodes te regverdig, is ’n wesenlike aspek by die leerders se groter wordende begrip van wiskunde.
- Belangrike woordeskat: **tiene**, **ene**, **optelling**, **aftrekking**

36

Hierdie bladsy verwys jou ook na die videosnitte waarin ons meesteronderwysers se insigte in bepaalde wiskundebegrippe of onderrigtegnieke vir elke dag voorsien word.

Daar word hiperskakels na die video’s in die *Onderwysersgids* se digitale weergawe op die webtuiste voorsien. As jy op die videoskyfie vir die Hoofrekene-aktiwiteit, Speletjie of Weeklikse Oorsig klik, word jy na daardie video geneem.

Wat jy moet doen om vir elke week voor te berei

- Lees die *Onderwysersgids* en doen voorbereiding vir die week asook vir elke les.
- Kyk na die video’s. Hierdie video’s wys opnames wat in werklike klaskamers gemaak is, waarin die lesaktiwiteite op die proef gestel word en die onderwysers wat dit onderrig, insigte en raad gee.
- Nadat jy die les gegee het, moet jy besin oor hoe dit verloop het. Maak notas oor jou idees rakende wat jy anders sou doen indien jy die les weer moes aanbied.

Elke dag

Gebruik die vloeidiagram om die opeenvolging van aktiwiteite vir die dag te beskou

Daar word aan die begin van elke dag ’n vloeidiagram voorsien waarop die opeenvolgende aktiwiteite vir die dag opgesom word.

As jy op die speelknoppie in die Konsepontwikkeling-borrel op die vloeidiagram klik, word jy na daardie dag se videosnit geneem.

The second page provides more details about the week's activities.

A description of how the Mental Maths activities progress over the week and a reminder of the game video

A description of the key concepts to be taught over the week. Notes about the vocabulary to emphasise this week

A list of things teachers must watch out for such as mistakes learners often make or important ideas to emphasise



Addition and subtraction

Mental Maths video

This week we will practice adding and subtracting multiples of ten up to 100. Write different 2-digit numbers on the board and call out an instruction to add or subtract a certain number of 10s. Make this more interactive by asking pairs of learners to call out the 2-digit numbers and the numbers to add/subtract. Encourage learners to solve problems quickly and efficiently by remembering their learnt number facts.

Game video

In this game, learners will use *base ten blocks* to make tens. They will solve addition problems by using their base ten blocks. Learners will be able to work quickly and efficiently when bridging tens by replacing ones with tens.

Conceptual development video

This week we focus on problems that involve addition and subtraction. Learners will solve addition and subtraction problems without bridging ten, using *base 10 blocks* to help them. Learners will practice solving problems by adding or subtracting 10s and 1s, so as to work quickly and efficiently. In our work on addition and subtraction, we will focus on:

- adding a double-digit number to a double-digit number, without bridging the ten.
- subtracting a double-digit number from a double-digit number, without bridging the ten.

What to look out for this week

- *Base 10 blocks* are a useful concrete mathematical representation, and the use of these blocks helps learners to visualise computations. Encourage conversation between learners so that they can talk about how they used the blocks to talk about 10s and 1s when they add or subtract. The ability to verbalise solutions and justify methods is an essential aspect of the development of mathematical understanding.
- Important vocabulary: **tens, ones, addition, subtraction**

37

This page also refers you to the video clips that provide insights from our master teachers into particular mathematical concepts or teaching techniques.

In the digital version of the *Teacher Guide* on the website, hyperlinks are provided to the videos. If you click on the video slide for the Mental Maths, Game and Weekly Overview, you will be taken to that video.

What teachers need to do to prepare for each week

- Read the guide and prepare for the week and for each lesson
- Watch the videos – these show clips from real classrooms where the lesson activities have been trialled and where the teachers who have taught them provide insights and advice.
- After teaching the lesson, reflect on how it went. Make notes on what went well and what to do differently next time.

Each day

Use the flow diagram to see the sequence of activities for the day

At the start of each day, a flow diagram is given which summarises the sequence of activities for the day.

If you click on the play button in the concept development bubble in the flow diagram, you will be taken to that day's video clip.

Bespreek vandag se datum met die leerders deur die kalender te gebruik.

In die raam is daar 'n voorbeeld van 'n kalender. Identifiseer elke dag die jaar, maand en dag saam met die klas. Merk die datum op die muurkalender af. Dui enige verjaarsdae aan.

Verrykingsaktiwiteite

Daar word elke dag, van Dag 1 tot 4, verrykingsaktiwiteite voorsien. Skryf hierdie aktiwiteite aan die einde van 'n les op die bord neer vir die leerders wat die klaswerk-aktiwiteite vinniger voltooi.

Bladsye en uitknipsels aan die agterkant van die LAB

Aan die agterkant van die LAB verskyn bepaalde inhoud en uitknipbladsye wat die leerders kan gebruik. Dit word ook aan die agterkant van die *Onderwysersgids* vir maklike verwysing ingesluit.



WEEK 1 • DAY 1

Addition using base ten blocks

Verrykingsaktiwiteite • Enrichment activities

Dag 1 Day 1

Voltooi die getalsinne. Skryf die 10's en 1's neer.
Complete the number sentences. Write the 10s and 1s.

23 = ____ + ____
46 = ____ + ____
59 = ____ + ____
14 = ____ + ____
91 = ____ + ____

37 = ____ + ____
78 = ____ + ____
29 = ____ + ____
65 = ____ + ____
82 = ____ + ____

Dag 2 Day 2

Voltooi die getalsinne. Skryf die 10's en 1's neer.
Complete the number sentences. Write the 10s and 1s.

34 = ____ + ____
15 = ____ + ____
98 = ____ + ____
62 = ____ + ____
26 = ____ + ____

11 = ____ + ____
79 = ____ + ____
37 = ____ + ____
53 = ____ + ____
88 = ____ + ____

Dag 3 Day 3

Maak die volgende met jou *basis 10-blokkies*:
Use your *base 10 blocks* to make:

32
61
99
14
27

18
43
86
52
77

Dag 4 Day 4

Maak die volgende met jou *basis 10-blokkies*:
Use your *base 10 blocks* to make:

74
22
45
68
16

33
25
97
56
83

39

Hierdie stel met 7 vorms word 'n tangram genoem.
This set of 7 shapes is called a tangram.

Knip eers hierdie bladsy uit jou werkboek uit.
First cut out this page from your workbook.

Knip die 7 vorms versigtig uit.
Carefully cut out the 7 shapes.

Bêre dit op 'n veilige plek!
Store them in a safe place!

Tangram Resources B5

Discuss the date with learners using the calendar

In the box there is a calendar. Each day identify the year, month, day and date with the class. Mark the date on the wall calendar. Note any birthdays.

Enrichment activities

There are enrichment activities provided for Days 1-4. Write these activities on the board at the end of a lesson for learners who finish the classwork activities more quickly.

LAB resource pages

At the back of the LAB there are some content and cut-out pages for learners to use. They are also included at the end of the *Teacher Guide* for easy reference



WEEK 1 • DAY 1

Addition using base ten blocks

Verrykingsaktiwiteite • Enrichment activities

Dag 1 Day 1

Voltooi die getalsinne. Skryf die 10'e en 1'e neer.
Complete the number sentences. Write the 10s and 1s.

23 = ____ + ____
46 = ____ + ____
59 = ____ + ____
14 = ____ + ____
91 = ____ + ____

37 = ____ + ____
78 = ____ + ____
29 = ____ + ____
65 = ____ + ____
82 = ____ + ____

Dag 2 Day 2

Voltooi die getalsinne. Skryf die 10'e en 1'e neer.
Complete the number sentences. Write the 10s and 1s.

34 = ____ + ____
15 = ____ + ____
98 = ____ + ____
62 = ____ + ____
26 = ____ + ____

11 = ____ + ____
79 = ____ + ____
37 = ____ + ____
53 = ____ + ____
88 = ____ + ____

Dag 3 Day 3

Maak die volgende met jou *basis 10-blokkies*:
Use your *base 10 blocks* to make:

32
61
99
14
27

18
43
86
52
77

Dag 4 Day 4

Maak die volgende met jou *basis 10-blokkies*:
Use your *base 10 blocks* to make:

74
22
45
68
16

33
25
97
56
83

39

Hierdie stel met 7 vorms word 'n tangram genoem.
This set of 7 shapes is called a tangram.

Knip eers hierdie bladsy uit jou werkboek uit.
First cut out this page from your workbook.

Knip die 7 vorms versigtig uit.
Carefully cut out the 7 shapes.

Bêre dit op 'n veilige plek!
Store them in a safe place!

Tangram Resources 85

Doen die hoofrekene-aktiwiteit (15 minute)

Hoofrekene is ’n belangrike komponent van elke les. Ons gebruik die hoofrekene-aktiwiteite om te verseker dat die leerders gemaklik met die basiese feite omgaan. Daar is video’s waarin getoon word hoe die hoofrekene-aktiwiteite in die klaskamer gedoen word, en ’n beskrywing van die hoofrekene-aktiwiteite word in die oorsig vir die week gegee.

Daar word elke dag ’n fotografiese herinnering aan die hoofrekene-aktiwiteit vir die dag in die *Onderwysersgids* voorsien.

HOOFREKENE | MENTAL MATHS

Die leerders oefen om veelvoude van tien by ’n gegewe getal te tel of daarvan af te trek.
Learners practice adding and subtracting multiples of ten to/from a given number.
Onthou om elke dag die datum na te gaan en die register af te merk.
Remember to check the date and mark the register every day.

Speel die speletjie (15 minute)

Speletjies help die leerders om vaardighede outomaties aan te leer en dit te geniet terwyl hulle dit doen. Ons span weekliks speletjies in om belangrike basiese begrippe en vaardighede wat die leerders moet ken, te onderrig en vas te lê.

Die speletjies kom in tekenprentformaat in die LAB voor. Die stappe waarvolgens die speletjie gespeel moet word, word voorsien asook ’n illustrasie om die leerders te help om die stappe te volg.

Speletjie: Vinnige wiskunde met kaarte – rangskik
Game: Fast maths with cards – order

- Skommel die 0–20-kaarte.
  Mix cards from 0 to 20.
- Sit dit op ’n hopie.
  Place in a pile.
- Draai drie kaarte om.
  Flip up three cards.
- Rangskik dit van die kleinste tot die grootste.
  Order from smallest to largest.

Do the Mental Maths activity (15 minutes)

Mental Maths is an important component of every lesson. We use the Mental Maths activities to ensure that learners become fluent in the basic facts. There are videos showing the Mental Maths activities in action in the classroom and there is a description of each Mental Maths activity in the overview for the week.

On Day 1, the *Teacher Guide* provides a photographic sequence of the Mental Maths activity for the day. On Days 2, 3 and 4 there is a reminder to do the same activity at the start of the lesson.

HOOFREKENE | MENTAL MATHS

Die leerders oefen om veelvoude van tien by 'n gegewe getal te tel of daarvan af te trek.
Learners practice adding and subtracting multiples of ten to/from a given number.
Onthou om elke dag die datum na te gaan en die register af te merk.
Remember to check the date and mark the register every day.



Play the game (15 minutes)

Games help learners automatise skills and enjoy themselves while they do it. We use weekly games to teach and consolidate important basic concepts and skills learners need to know.

The games appear in the LAB in cartoon format. Steps for how to play the game are provided and an illustration to help learners follow the steps is also given.

Speletjie: Vinnige wiskunde met kaarte – rangskik
Game: Fast maths with cards – order

- Skommel die 0–20-kaarte.
  Mix cards from 0 to 20.
- Sit dit op 'n hopie.
  Place in a pile.
- Draai drie kaarte om.
  Flip up three cards.
- Rangskik dit van die kleinste tot die grootste.
  Order from smallest to largest.

Doen die konsepontwikkeling-aktiwiteit

Daar sal op die meeste dae ’n konsepontwikkeling-aktiwiteit wees waartydens jy saam met al die leerders werk om die sleutelidees van die dag te bespreek.

Daar is video’s waarin getoon word hoe die konsepontwikkeling-aktiwiteit in die klaskamer gedoen word, en ’n beskrywing van die aktiwiteite word in die oorsig vir die week gegee.

Die *Onderwysersgids* voorsien elke dag ’n fotografiese herinnering aan die konsepontwikkeling vir die dag.

Do the concept development activity

Most days there will be a concept development activity where the learners work together as a class to discuss the key ideas of the day.

There are videos showing the concept development activity in action in the classroom and there is a description of each activity in the overview for the week.

For each day, the *Teacher Guide* provides a photographic sequence of the concept development activity for the day.

Die *Leerderaktiwiteitsboek* is in die *Onderwysersgids* opgeneem

Die aktiwiteite lyk presies soos die leerders dit in hul boeke sal sien. Hier word byvoorbeeld 'n tekenprent gegee van 'n speletjie wat die leerders kan speel. Wanneer 'n nuwe speletjie aan die leerders bekendgestel word, is dit die beste om die speletjie eers aan die hele klas te demonstreer voordat die leerders dit in pare of groepe speel.

Die groen merker dui aan dat dit 'n werkkaart is.



Al die instruksies en inligting word in Afrikaans gegee, met die Engelse vertaling daar onder.

Die leerderswerk-kaarte bevat 'n uitgewerkte voorbeeld (deur die grys agtergrond en rooi potlood aangedui).

Wat jy moet doen om voorbereiding vir elke week te doen

- Lees die *Onderwysersgids* en doen jou voorbereiding vir elke les en vir die week.
- kyk na die video's. Hierdie video's wys opnames wat in werklike klaskamers gemaak is, waarin die lesaktiwiteite op die proef gestel word en die onderwysers wat dit onderrig, insigte en raad gee.
- Nadat jy die les gegee het, moet jy besin oor hoe dit verloop het. Maak notas oor jou idees rakende wat jy anders sou doen indien jy die les weer moes aanbied.
- Jy moet gedurende Week 2 tot 8 vir die assesseringsaktiwiteit van die week voorberei. Dit is in die besonder belangrik dat jy, tydens die weke waarin daar mondelinge en praktiese assessering plaasvind, moet beplan hoe jy elke leerder se progressie in die loop van die week met behulp van die rubriek of kontrolelys kan aanteken.

The *Bala Wande Learner Activity Book* is embedded in the *Teacher Guide*

The activities are exactly as the learners will see them in their books.

Here, for example, we have a cartoon of a game that the learners will play. In introducing a new game to the learners, it is best to demonstrate the game to the whole class before letting them play in pairs or groups.

The green tag indicates that this is a worksheet.



All instructions and information are given in isiXhosa with an English translation below.

Learner worksheets have a worked example (indicated by the grey background and the red pencil).

What do you need to do to prepare for each week

- Read the *Bala Wande Teacher Guide* and prepare for the week and for each lesson.
- Watch the videos – these show clips from real classrooms where the lesson activities have been trialled and the teachers who have taught them provide insights and advice.
- After you have taught the lesson, reflect on how it went. Make notes on your ideas for what you would do differently if you taught the lesson again.
- In Weeks 2-8 you will need to prepare for the assessment activity of the week. It is particularly important in the weeks in which there is an oral and practical assessment that you plan how you will be able to record each learner's progress using the rubric or checklist over the course of the week.

5. Daaglikse skedule, tydrooster en kwartaalplan

Daaglikse skedule vir Dag 1 tot 4



Daaglikse skedule vir Dag 5

5. Daily schedule, time table and term plan

Daily schedule Days 1–4



Daily schedule Day 5



6. Tydrooster

<table>
<tr><th></th><th>Maandag</th><th>Dinsdag</th><th>Woensdag</th><th>Donderdag</th><th>Vrydag</th></tr>
<tr><td>15 min</td><td>Oggendby-eenkoms
Register, kalender, verjaarsdae, die weer</td><td>Oggendby-eenkoms
My nuus</td><td>Oggendby-eenkoms
Register, kalender, verjaarsdae, die weer</td><td>Oggendby-eenkoms
My nuus</td><td>Oggendby-eenkoms
Register, kalender, verjaarsdae, die weer</td></tr>
<tr><td>4 × 85 min
1 × 55 min</td><td colspan="5">Wiskunde
Bala Wande</td></tr>
<tr><td>15 min</td><td>Luister en Praat
Hardoplees-storie</td><td>Luister en Praat
Bespreking</td><td>Aanvangs-kennis en PSWS-aktiwiteit</td><td>Luister en Praat
Rympie/liedjie</td><td rowspan="2">Liggaams-opvoeding
Buite</td></tr>
<tr><td>15 min</td><td rowspan="2">Aanvangs-kennis en PSWS
Gedeelde Lees-teks, -bespreking</td><td>Gedeelde Lees
Begrip</td><td>Gedeelde Lees
Dekodering</td><td>Gedeelde Lees
Vlotheid en respons</td></tr>
<tr><td>15 min</td><td>Aanvangskennis en PSWS
Aktiwiteit, Vind uit</td><td>Gedeelde Skryf</td><td>Onafhanklike Skryf</td><td>Onafhanklike Skryf</td></tr>
<tr><td>15 min</td><td>Liggaams-opvoeding
Binne</td><td>Liggaams-opvoeding
Binne</td><td>Liggaams-opvoeding
Binne</td><td>Liggaams-opvoeding
Binne</td><td>Aanvangs-kennis en PSWS
Onderwyser-storie, Vind uit</td></tr>
<tr><td>30 min</td><td>Klanke en Handskrif
Nuwe letterklank 1</td><td>Klanke en Handskrif
Gedeelde woordbou</td><td>Klanke en Handskrif
Nuwe letterklank</td><td>Klanke en Handskrif
Selfstandige woordbou</td><td>Klanke
Hersiening of toets
(15 min)</td></tr>
<tr><td>30 min</td><td>Groepbege-leide Lees en Selfstandige Werk
(2 groepe × 15 min)</td><td>Groepbege-leide Lees en Selfstandige Werk
(2 groepe × 15 min)</td><td>Groepbege-leide Lees en Selfstandige Werk
(2 groepe × 15 min)</td><td>Groepbege-leide Lees en Selfstandige Werk
(2 groepe × 15 min)</td><td>Groepbege-leide Lees en Selfstandige Werk
(2 groepe × 15 min)</td></tr>
<tr><td>30 min</td><td>Liggaams-opvoeding
